# JESUS SE BEVESTIGING

Lukas 3

INLEIDING: Nuwe predikant e.k. naweek in Houtbaai ontvang en bevestig. Jesus se bevestiging op ongewone plek … manier … met buitengewone tekens gepaard gegaan … paar raaisels gelaat. Lees daarvan in Luk 3. In vorige hoofstuk vertel Lukas van Jesus se optrede as 12jarige in die tempel. Wat ons in hoofstuk 3 lees, het ongeveer 18 jaar later gebeur. …

SKRIFLESING: Lukas 3:1-22
Die presiese tyd word in vers 1 aangegee. Deur die noem van hierdie historiese figure se name, beklemtoon Lukas dat Jesus ook werklik gelewe het en nie maar 'n fiktiewe of denkbeeldige figuur was nie.

PLEK
Johannes het in die woestyn opgetree. Hy was die eerste profeet in 400jr! Sy optrede herinner 'n mens aan Jes 40:3 (lees Luk 3:4-6). Hy was die een wat die pad vir die Here Jesus moes oopmaak – die gate in die pad opvul en die struikelblokke uit die pad sleep sodat God se verlossingsplan uitgevoer kan word deur die Een wat God stuur. Die manier hoe dat hy dit gedoen het, was om die mense te laat besef dat hulle in geestelike nood verkeer en wat om daaromtrent te doen.
Volgens vers 15 was die volk "vol verwagting" en het hulle gewonder of Johannes nie dalk die beloofde Messias was nie. Johannes het egter ietwat 'n demper op hulle verwagtings geplaas. Hy waarsku hulle dat die koms van die Messias nie vir almal sulke goeie nuus sou wees nie. Daar sal baie wees wat sal hoop Hy het liewers nooit gekom nie! Daarom praat hy baie ernstig met hulle: Hulle moes hulle bekeer! En dit was nie net die heidene wat hulle moes bekeer nie – Jode ook. Hulle afstamming van vader Abraham sou hulle nie red nie.
Die bekering moes opreg wees en moet met lewensverandering gepaard gaan. Hulle veranderde lewens moes wys dat hulle bekeerd is (lees :7-9). In die daaropvolgende verse verduidelik hy vir die mense dat dit byvoorbeeld sal beteken dat hulle mededeelsaamheid betoon en eerlik is teenoor hul medemens.
Iemand soos Herodus vir wie hy oor sy sonde aangespreek het, het sy boodskap verwerp. Hy het sy gewete probeer sus deur Johannes in die tronk te sit en hom later om die lewe te bring. Die waarheid het seer gemaak en toe moes die boodskapper boet.
Maar ander het Johannes se boodskap ter harte geneem, hulle bekeer en hulle laat doop. Die water was die simbool van die afwassing van hulle sondes, die bevestiging dat hulle sondes vergewe is.
"Maar," sê Johannes baie uitdruklik, "laat daar nie misverstand wees nie. Ek is NIE die Messias nie. Tussen ons is daar nie eens 'n vergelyking nie! Hy is soveel belangriker as ek dat ek nie eers werd is om die geringste diens aan Hom te lewer soos om sy sandale uit te trek nie. Ek doop maar net met water. As HY kom, sal Hy met die Heilige Gees en met vuur doop."

RAAISEL
En dan op 'n dag staan Jesus ook in die tou mense wat hulle wil laat doop. DIT is 'n raaisel. Johannes se doop was 'n teken van vergiffenis vir sondaars wat berou oor hul sondes gehad het en hulle bekeer het. Jesus het mos nie sondes gehad nie en nodig gehad om Hom van enigiets te bekeer nie? Daarom lees ons by Matteus dat Jesus Johannes moes OORHAAL om Hom te doop (3:14). Jesus oortuig hom toe deur te sê dat dit *"die wil van God"* was. Dit was God se wil dat Hy hom volkome met die sondaars moes vereenselwig. Hy moes ons in alles gelyk word, behalwe die sonde. Net soos Hy nie gesterf het vanweë sy eie sonde nie, is Hy

ook nie gedoop ter wille van Sy eie sonde nie. Hy het ons sonde op Hom geneem. Joh 1:29 *"Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."*
Jesus het op daardie dag Sy taak openlik op Hom geneem. Vir Hom wag daar misverstand, teenstand, bespotting, verwerping, haat, veroordeling en uiteindelik die kruis. Hy sien egter ook die geestelike nood van die mense wat soos skape sonder 'n herder dwaal. Hy sien die siekes, die moedeloses, die verwerptes, uitgebuites, onkundiges, geestelik blindes. Hy het Hom op sigbare manier aan die wil van God oorgegee, al het dit ook vir Hom vernedering beteken. Soos wat die meeste rabbi's op 30 doen, het Jesus toe ook amptelik met sy werk begin. Ons kan daarom sê dat Hy daardie dag in sy amp as Verlosser van die wêreld bevestig is.

TEKENS
Lukas vertel verder dat Jesus toe gebid het. Lukas fokus telkens op die gebedslewe van Jesus tydens keerpunte in sy lewe (vergelyk 5:16; 6:12; 9:28; 11:1; 22:32; 23:34, 36).
En dit was terwyl Hy gebid het, dat drie merkwaardige dinge plaasgevind het. Eerstens het die hemel oopgegaan. Die simboliek daarvan is dat God se koninkryk deurbreek aarde toe. Met Jesus se koms het die hemel vir ons oopgegaan.
Tweedens het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Die Heilige Gees is nie'n duif nie – ook nie 'n vuurtong of 'n krag of 'n invloed nie. Jesus het ook nie toe eers die Heilige Gees ontvang nie. Dit is die Goddelike, publieke bevestiging van sy Messiasskap.
Derdens was daar die stem uit die hemel met die woorde: *"Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My."* In Psalm 14 kla die psalmis: *"Daar is nie een wat goed doen nie. Van die hemel af kyk die Here die mense deur om te sien of daar een verstandige is, een wat na die wil van God vra. Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie een nie."* (:1-3)
Hier is uiteindelik Een van Wie God sê: *"Oor jou verheug Ek My."* Een wat na die wil van God vra en bereid is om dit te doen; wat nie afgedwaal of ontaard het nie. Wat goed doen.

ONS
Die doop van Johannes waarmee Jesus gedoop is, was nie dieselfde doop in die Naam van die Drie-eenheid wat Jesus na sy opstanding ingestel het en waarmee ons gedoop is nie. Tog is daar 'n verband. Omdat Jesus Hom so volkome met ons as sondaars vereenselwig het sonder om self te sondig; omdat Hy ons sonde op Hom geneem en aan die kruis die prys daarvoor betaal het; omdat Hy so oorgegee was aan God se wil, daarom is ons doop vir ons die teken en bevestiging daarvan dat ons sondes ons om Christus ontwil vergewe is, dat ons by Sy liggaam ingelyf is en **roep dit ons op** om dit te **glo** en ons daagliks **te bekeer** en **vrugte** te dra wat by die bekering pas. God het ons ook met die Heilige Gees toegerus daarvoor. Laat ons in Sy krag **Sy wil doen**, al vra dit offers. Ons kan nie ander bekeer nie, maar soos Johannes kan ons ook die **pad voorberei**, die gate opvul en van die struikelblokke help verwyder. Kom ons stel dit as gemeente vir ons ten doel.
God het by ons doop as suigelinge vir ons ook verseker: Jy is my geliefde kind! *"Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou."* (Sefanja 3:17) Laat ons dan leef soos wat dit gedooptes pas deur ons daagliks van die kwaad tot God te bekeer en die vrug te dra wat pas by kinders van God, by mense wat sê dat hulle aan die Here behoort.

Amen
10/01/10